



Help jou kinders om Nelson Mandela se nalatenskap te leef. Gee sommige van die waardes waarvoor hy gestaan het deur met hierdie kort reeks stories wat fokus op eerlikheid, medelye en vergifnis.

Die klein saadjie

Oorvertel deur Kirstin Hartmann
Illustrasies deur Heidel Dedekind
Vertaal deur Liezl Potgieter

Daar was eendag 'n ou hoofman. Hy was wys en groothartig. Maar daar was een ding wat hom hartseer gemaak het – hy het nie 'n seun gehad wat na hom kon hoofman word nie.

Die hoofman het iemand nodig gehad om die volgende heerser te word en na sy landerye en sy mense om te sien. Een oggend, na die reën, het hy al die ouer seuns bymekaar geroep en met hulle gepraat.

“Vandag is 'n besondere dag,” het hy gesê, “dit het tyd geword vir my om 'n nuwe hoofman te kies en ek gaan een van julle kies.” Daar was groot opgewondenheid en almal het tegelyk begin praat. Die hoofman het sy hande in die lug gesteek: “... maar julle moet mooi na my luister.” Almal het stil geword en gekyk terwyl die hoofman verduidelik het wat hy wou hê hulle moet doen.

“Ek gaan vir elkeen van julle een saadjie gee. Julle moet die saadjie plant, dit water gee en elke dag daarvoor

sorg.” Toe het hy gesê:

“Op hierdie selfde dag volgende jaar moet julle die plante terugbring wat julle gekweek het en ek sal die volgende hoofman kies.” Toe het hy vir elke seun een saadjie gegee.

Njabulo en sy vriende was baie opgewonde. Hulle het almal gelyktydig begin praat.

“My suster kweek mielies, sy sal my help,” het een seuntjie gesê.

“My ma weet hoe om marog te kweek, sy sal vir my sê wat om te doen,” het nog een gesê.

“My oom weet waar om goeie grond te kry,” sê iemand anders, “en hy weet ook hoe om seker te maak dat die voëls nie die saad eet nie.”

Njabulo luister net na hulle.



Wees die nalatenskap: eerlikheid

Terwyl hy huis toe stap, hou Njabulo die saad in sy hand. Dit is so klein – niks groter as ’n klein goggatjie nie.

“Ek wonder wat jy gaan word?” het hy vir die klein saadjie gesê.

Toe hy by die huis kom, het hy vir sy ma vertel wat die hoofman gesê het en hoe al die ander seuns iemand gehad het om hulle te help.

“Mmm,” sê sy ma. “Ek kan jou nie help nie. Dit is iets wat die hoofman vir jou gevra het om te doen. Maar,” het sy bygevoeg. “Ek kan vir jou dit gee.” En toe gee sy vir hom ’n klein kleipotjie om die saadjie in te plant.

Njabulo het afgestap rivier toe en grond gaan uitgrawe om in die potjie te sit. Toe het hy versigtig met sy vinger ’n klein gaatjie gemaak en die saadjie daarin laat val. Versigtig het hy die saadjie toegemaak en toe van die vars rivierwater daarvoor gedrup.



Daarna het hy ’n lekker plekkie gevind om die potjie te sit – die plek was nie te warm of te koud nie. “Daarsy, saadjie. Ek hoop jy is gelukkig,” het hy gesê en geglimlag.

’n Paar dae later het Njabulo gaan kyk of die saadjie begin groei het. Maar niks het gebeur nie. Die grond het nog net so plat gelyk soos op die dag wat hy die saadjie geplant het. Daarom het Njabulo seker gemaak dat die grond klam genoeg is. Toe hy het gefluister: “Dis oukei, kleine saadjie, jy kan groei wanneer jy gereed is.”



Maar toe hy die volgende keer weer kyk, kon Njabulo nog steeds nie enige groen uitloopsels of blaartjies sien nie. En die keer daarna, ook nog niks nie. Die dae en weke het verbygegaan en Njabulo was hartseer om te sien dat sy saadjie nie groei nie. Dit het hom selfs nog hartseerder gemaak dat al sy vriende nou al oor hulle plante praat!

“Myne is so groot soos my voet!” het die een seun gesê.

“En myne is so groen soos die heuwels in die somer!” het nog een gesê. Njabulo was hartseer, maar hy het niks gesê nie.

Die maande het verbygegaan en almal moes groter potjies vir hulle plante kry. Njabulo het nog dieselfde klein potjie gehad wat sy ma vir hom gegee het, want sy saadjie het steeds nie gegroei nie.

Uiteindelik het die dag aangebreek waarop hulle hul plantjies vir die hoofman moes wys. Aanvanklik was Njabulo bang. Hy wou nie gaan nie, maar sy ma het gesê hy moet sy potjie vir die hoofman gaan wys. Njabulo het gewet sy is reg.

Toe Njabulo by die hoofman se hut aankom, was hy verbaas om al die verskillende plante te sien wat sy vriende gekweek het. Daar was soveel verskillende vorms, groottes en kleure. En dit was almal baie mooi.

Njabulo het sy kleipotjie styf vasgehou en gefluister:

“Ek is jammer, kleine saadjie, dat ek nie geweet het hoe om jou gelukkig te maak nie.” En hy het sy potjie by die ander s’n op die grond neergesit. Toe het hy heel agter gaan staan waar hy gedink het die hoofman hom nie sou sien nie.

Toe die hoofman te voorskyn kom, het almal stil geword. Hulle het trots gestaan en hoop dat hulle plant as die beste een gekies sou word.

“Dit is ’n baie opwindende dag,” het die hoofman hard gesê. “Ek sien soveel pragtige plante!” Hy loop stadig op en af en kyk van naderby na al die plante. Almal hou hom fyn dop. Skielik gaan staan hy stil en tel ’n potjie op. Dit is Njabulo s’n. Njabulo voel skoon siek van bekommernis.

“Wie se pot is dit?” het die hoofman gevra. Almal is stil. Njabulo is so bang, hy dink die hoofman gaan kwaad word en hom wegjaag. “Wie se pot is dit?” het die hoofman weer gevra.

Njabulo haal diep asem en sê hard: “Die pot wat u vashou, is myne, Hoofman.”



Almal draai om om na Njabulo te kyk en van die seuns begin lag, maar hulle hou op toe die hoofman vir Njabulo vra om vorentoe te kom. Toe hy langs die hoofman staan, voel Njabulo skaam.

“Wat is jou naam?” vra die hoofman.

“My naam is Njabulo,” sê hy en kyk op na die hoofman. Die hoofman haal diep asem en sê toe hard:

“Ek het ’n nuwe hoofman gekies en sy naam is Njabulo!”



Njabulo is so verras. Hoe kan dit wees? Alhoewel hy baie versigtig was, kon hy nie die saadjie wat die hoofman vir hom gegee het laat groei het nie.

Toe sê die hoofman: “Vandag een jaar gelede, het ek vir elkeen van julle ’n saadjie gegee om te groei. Ek het vir julle gesê om dit te plant, dit te versorg en dit vandag vir my terug te bring. Julle het almal gedoen wat ek van julle gevra het,” het hy gesê. “Maar ek het vir elkeen van julle ’n saadjie gegee wat ek in water gekook het. Dit beteken dat daardie saadjie nie kon groei nie. Toe julle uitvind het dat julle saadjies nie groei nie, het elkeen van julle ’n ander saadjie in sy plek geplant. Almal van julle het daardie plante vir my gebring. Almal behalwe Njabulo. Hy het my gewys dat hy nie net gedoen het wat ek julle gevra het nie, maar hy het ook die moed gehad om eerlik te wees. Dit is wie ek kies om hoofman te wees, en hy sal ’n baie goeie hoofman wees!”

Die hoofman glimlag vir Njabulo en hy weet dat hy goed gekies het.

Raak storie-aktief!

Hier is 'n paar idees vir hoe om die storie op bladsy 1 tot 3 te gebruik met die kinders in jou klas en/of jou leesklub. Kies die idees wat die beste by die kinders se ouderdomme en belangstellings pas.

- ★ Voor jy die storie lees, vra die kinders om verskillende maniere voor te stel om 'n nuwe leier te kies. Jy kan hulle selfs vra om te stem vir watter manier hulle dink die beste is. Stel die storie bekend deur te verduidelik dat jy 'n storie gaan lees oor hoe 'n nuwe hoofman gekies word.
- ★ Nadat jy die storie gelees het, vra die kinders of hulle dink die hoofman se plan om 'n nuwe hoofman te kies was 'n goeie een. Moedig hulle aan om redes te gee vir hulle opinies.

- ★ Vra die kinders om aan die einde van die storie 'n prentjie van Njabulo en sy ma te teken en te skryf wat hulle dink Njabulo se ma vir hom gesê het. Hulle kan hierdie woorde in 'n spraakborrel skryf.
- ★ Gee vir die kinders stokkies of takkies, papier, kryte, skêre, gom en plastiekbottels soos 2 liter-koeldrankbottels of melkbottels. Help hulle om die bottels in die helfte te sny om potte te maak soos vir plantjies. Laat hulle die potjies vol sand of grond maak en dan die stokkies, kryte, gom en papier gebruik om denkbeeldige plantjies te maak. Hulle kan ook patrone op papier teken en dit gebruik om hulle potjies mee te versier.

Oor Nal'ibali

Nal'ibali (isiXhosa vir "hier is die storie") is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlam vat en vaslê, sodat lees, skryf

en die deel van stories – in al die Suid-Afrikaanse tale – deel van die daaglikse lewe word.



Kinders wat omring word deur gedrukte teks en hulle inleef in goeie stories in tale wat hulle verstaan, is meer nuuskierig, vol selfvertroue en gemotiveer om te leer. Hulle

is meer geneig om lesers te word en om goed te vaar in alle vakke op skool. Stories ontwikkel woordeskat, verbeter geheue en koester kinders se verbeelding.

Sedert 2012 werk Nal'ibali saam met verskeie vennote in die staat, burgerlike samelewing en besigheid om seker te maak elke Suid-Afrikaanse kind kry geleentheid om lief te raak vir boeke en stories. Ons stigtersvennote sluit in: die DG Murry Trust, PRAESA (Project for the Study of Alternative Education in South Africa) en Tiso Blackstar (voorheen Times Media). Deur voorspraak, opleiding en leesmateriaal van hoë gehalte, help Nal'ibali om 'n nasie van lesers te bou.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. **Skakel ons** inbelsentrum by **02 11 80 40 80**, of kontak ons op een van die volgende maniere: